

Beskrywingspunt: die nuwe hoogse gesag in die nuut gekonstitueerde NG kerk.

BESKRYWINGSPUNT AAN DIE VERGADERING VAN DIE NOORDELIKE SINODE, 13 EN 14 FEBRAURIE 2015.

AANBEVELING:

dat die sinode dit onder die aandag van die kerkrade en lidmate bring dat die wysiging van Kerkorde Artikel 1 voeg nie net die Belharbelydenis tot die huidige belydenisgrondslag van die NG Kerk by nie, maar verander ook die belydenisgrondslag van die NG Kerk wesenlik.

Voorsteller: ds. PJ Kriel NG Gemeente Levubu.

Sekondant: ds. J Pretorius NG Gemeente Louis Trichardt

IMPLIKASIES VAN DIE GENOEMDE VERANDERING IN BELYDENISGRONDSLAG.

1. Die verandering in die belydenisgrondslag van die NG Kerk beteken dat in die nuut gekonstitueerde NG Kerk, 'n belydenisskrif wat in oorstemming met die Woord van God is, en deel van die belydenisgrondslag van die NG Kerk is, deur die NG Kerk as instelling nie meer as bindend aanvaar word vir die geloof van lidmate en ampsdraers nie, asook nie meer bindend vir die handeling en besluite van kerklike vergaderinge nie.

2. Hierdie vryheid wat die nuut gekonstitueerde NG Kerk aan lidmate, ampsdraers en kerklike vergaderinge toestaan, is 'n heel eie en nuwe saak binne die NG Kerk. Dit is iets heeltemal anders as net die byvoeging van nog 'n belydenisskrif tot die bestaande belydenisgrondslag van die NG Kerk.

Hierdie vryheid teenoor een belydenisskrif het verreikende implikasies vir die verbintenis van lidmate, ampsdraers en vergaderinge tot die ander belydenisse wat almal in ooreenstemming met die Woord van God is.

3. Lidmate en kerkrade sal hulself moet afvra oor wat die tipe gesag is wat die nuut gekonstitueerde NG Kerk sal hê, en waar hy die gesag vandaan sal kry om lidmate vry te stel van 'n geloofsbelydenis in Jesus Christus wat in ooreenstemming is met die openbaring in die Woord van God van Hom as Here.

4. Lidmate en kerkrade sal hierdie verandering in die verbintenis tot 'n geloofsbelydenis, wat volgens die Woord van God die waarheid oor God is, moet onderskei van die vraag oor die inhoud en aanvaarding van die Belharbelydenis.

5. Lidmate en kerkrade sal daarop moet let dat daar tussen die huidige geloofsbelydenisse en die Belharbelydenis, volgens die Algemene Sinode geen verskil sal wees nie. Die Algemene Sinode het alreeds die Belharbelydenis as die waarheid aanvaar ooreenkomstig die Woord van God.

6. Ten spyte daarvan dat hierdie belydenisse almal volgens die Woord van God die waarheid is, stel die NG Kerk lidmate, ampsdraers en kerklike vergaderinge vry van een belydenis terwyl dit dieselfde status as die ander. Dit doen die NG Kerk sonder enige skriftuurlike gronde, of selfs sonder enige verduideliking van

Beskrywingspunt: die nuwe hoogse gesag in die nuut gekonstitueerde NG kerk.

hierdie teenstrydigheid wat nou in sy belydenisgrondslag kerkordelik vasgelê gaan word.

KERKREGTELIKE MOTIVERING.

1. In Artikel 1.2.2 van die voorgestelde nuwe Artikel 1 word twee verskillende soorte veranderings gelyktydig aan die huidige kerkorde aangebring:

1.1. die byvoeging van die Belharbelydenis en

1.2. die wysiging van die Gereformeerde verbintenis tot 'n geloofsbelydenis wat ooreenkomstig die Woord van God die waarheid is.

2. Hierdie wysiging van die verbintenis tot 'n geloofsbelydenis wat ooreenkomstig die Woord van God die waarheid is, as sou dit opsioneel vir lidmate en vergaderinge wees, is 'n ooreenkoms om geloofsverdeeldheid as gronde vir kerkeenheid te aanvaar.

3. Binne hierdie ooreenkoms om binne die geloof verdeeld te mag wees, word 'n nuwe grondslag vir kerkeenheid gekonstitueer anders as eenheid in belydenisgrondslag.

4. Die byvoeging van die Belharbelydenis is reeds sedert 1986 in kerklike debatte en vergaderinge bespreek en behandel. Die tweede wysiging se aard, omvang en implikasies was nooit deel van die kerklike gesprek of debat nie.

5. Dit is ook nie deel van die "Toolkit" wat deur die Algemene Sinode aan gemeentes uitgegee is nie.

6. Die tweede wysiging, oor 'n belydenis wat volgens die Woord van God die waarheid is, maar waaraan lidmate, ampsdraers en kerklike vergaderinge nie hulself hoef te verbind nie, verander die aard en inhoud van die grondslag van die NG Kerk.

Dit is veel ingrypender vir die huidige belydenisgrondslag as die byvoeging van die Belharbelydenis tot die bestaande geloofsgrondslag van die NG Kerk.

7. Die verandering van die aard van die belydenisgrondslag van die NG Kerk soos verwoord in Artikel 1.2.2 stel

7.1 die vraag oor die begroning van die kerk op die Woord van God as die hoogste gesag in die kerk
en

7.2 die saak van die aard van die gesag van die kerk, die amp, kerklike vergaderinge en kerklik verkose amptenare aan die orde, wat heel ander sake is as die inhoud van die Belharbelydenis.

8. Die verandering van die aard van die belydenisgrondslag van die NG Kerk bring die funksionering van elke geloofsbelydenis soos verwoord in Artikel 1.2.1 in gedrang.

Beskrywingspunt: die nuwe hoogse gesag in die nuut gekonstitueerde NG kerk.

'n Ongegronde en lukrake onderskeid in verskillende soorte verbintenisse tot belydenisse wat almal volgens die Woord van God die waarheid is, sal nie lank as Kerkorde kan geld voor dit 1. verander sal moet word nie of 2.geloofsbelydenisse in effek nie meer as begroning van die NG Kerk aanvaar word nie, want dit tas die konstituering van die hele belydenisgrondslag aan.

9.Om hierdeur die hele NG Kerklike gemeenskap bloot te stel om weer met 'n tweede-meerheid te moet stem, omdat die Algemene Sinode en streeksinodes in die eerste stemming die sake nie behoorlik aan die orde gestel het nie, sal ramps-poedige gevolge vir die NG Kerk inhou.

10.Indien kerkrade en lidmate nie behoorlik ingelig word dat die voorgestelde Artikel 1.2.2 twee verskillende sake in die Kerkorde verander nie, sal dit later as misleiding van die kerkrade, sinodes en lidmate deur die Algemene Sinode uitgewys of opgevat kan word.

11.Die wyse waarop die tweede, meer ingrypende wysiging, sonder behoorlike kerklike kennisgewing van twee verskillende wysigings in een artikel tans tot stemming gebring word, kan waarskynlik as regsgronde vir regsaksies teen die stemproses ingebring word.

12.Dit is gemeenregtelik onbillik om sinodes, kerkrade en lidmate oor artikel 1.2.2 te laat stem sonder om hulle daarop te wys dat hierdie artikel twee verskillende soorte wysigings aan die bestaande kerkorde aanbring. Veral in ag genome dat die een wysiging die belydenisgrondslag sodanig aantast dat dit al die belydenisse se funksionering in gedrang bring.

13.Daarom moet daar behoorlike kennis van hierdie twee verskillende soorte wysigings deur die Noordelike Sinode aan kerkrade en lidmate deurgegee word voordat hulle tot stemming oorgaan. Dit is ook nodig dat die Algemene Sinode en al die ander streeksinodes hiervan kennis moet neem.

14.Die Noordelike sinode sal ook in die komende sinode van 13 en 14 Februarie 2015 genoegsaam tyd aan die bespreking van hierdie twee verskillende soorte wysigings aan die kerkorde moet afstaan om reg te laat geskied aan die besluit dat met hierdie sinode al die aspekte van die voorgestelde Artikel 1 tot gesprek gebring moet word.

15.Die inhoud van die gesprek oor die tweede soort wysiging van die Kerkorde vra eiesoortige besinning en verantwoording wat heeltemal anders is as die besinning en verantwoording oor die inhoud en byvoeging van die Belharbelydenis soos blyk uit die toeligting tot hierdie beskrywingspunt wat nou hier volg.

16.Omdat hierdie saak glad nie deel van die kerklike gesprek was, tot en met die hede nie, behoort die Noordelike Sinode die nodige inligtingskanaal te skep om 'n oop gesprek te kan voer waarin enige vergadering of lidmaat bydraes hieroor kan maak en dit deur die kerklike gemeenskap van die Noordelike Sinode aangehoor kan word.

17.Die ekumeniese implikasies van hierdie eiesoortige posisie wat die NG Kerk

Beskrywingspunt: die nuwe hoogse gesag in die nuut gekonstitueerde NG kerk.

wil inneem om 'n geloofsbelydenis, wat volgens die woord van God die waarheid is en wat kerkordelik deel van 'n kerk se belydenisgrondslag is, opsioneel vir lidmate, ampsdraers en kerklike vergaderinge te maak, gaan baie groter wees as net die byvoeging van die Belharbelydenis tot die belydenisgrondslag van die NG Kerk.

18. Die toe eiening van hierdie eiesoortige vryheid teenoor die gesag van die Woord en die geloofsbelydenis in Jesus Christus is eensydig en eiemagtig teenoor die Gereformeerde familie van kerke wêreldwyd.

19. Hierdie eiesoortige vryheid teenoor die Woord en belydenis behoort eers ekumenies verreken te word voor die NG Kerk sy Gereformeerde belydenis grondslag so ingrypend verander.

20. Om die Belharbelydenis se ekumeniese aanvaarding voor te hou as die rede vir hierdie ingrypende verandering van die Gereformeerde belydenisgrondslag is misleidend en waarskynlik opportunisties.

TEOLOGIESE MOTIVERING VIR BESKRYWINGSPUNT: DIE NUWE HOOGSE GESAG IN DIE NUUT GEKONSTITUEERDE NG KERK.

Daar is 'n groot verskil tussen wat fout is met die Belharbelydenis en wat fout is met die voorgestelde nuwe Artikel 1 vir die Kerkorde van die NG Kerk.

Die nuwe konstituering van die NG Kerk in 2015/16 is iets anders as die Belharbelydenis van die NGSK in 1986. Die Belharbelydenis is net een kerklike geskrif teen 'n misstand van byna dertig jaar gelede. Artikel 1 van die nuwe kerkorde is 'n nuwe wyse waarop die NG Kerk as kerk vir die toekoms gekonstitueer word.

Die fout met die nuwe voorgestelde artikel 1.2.2 is dat binne die NG Kerk soos hy nuut gekonstitueer word, die Woord van God nie meer die hoogste gesag in die NG kerk sal wees nie.

In die plek van die Woord van God as hoogste gesag word spiritualiteit, en daarom sogenaamde bemagtigde geestelike leiers, as die verteenwoordigers van hierdie spiritualiteit, die hoogste gesag in die NG Kerk.

Hierdie verskuiwing van wat die hoogste gesag in die nuwe gekonstitueerde NG Kerk gaan wees, word op die oomblik heeltemal misgekyk in die hantering van die nuwe voorgestelde artikel oor die Belharbelydenis.

Die nuwe artikel 1.2.2 oor die Belharbelydenis in Artikel 1 van die voorgestelde nuwe kerkorde klink as volg: “*Die belydenis van Belhar is deel van die belydenisgrondslag van die Kerk, op so 'n wyse dat daar ruimte is vir lidmate, sy ampsdraers, en vergaderinge wat dit as in ooreenstemming met die Woord van God bely, sowel as vir lidmate, ampsdraers en vergaderinge wat dit nie as belydenisskrif onderskryf nie.*”

Die konstitusionele verskuiwing van die Skrif as hoogste gesag na spiritualiteit as hoogste gesag in hierdie artikel, word heeltemal misgekyk indien mens net sou fokus op die

Beskrywingspunt: die nuwe hoogse gesag in die nuut gekonstitueerde NG kerk.

byvoeging van die Belharbelydenis as deel van die nuwe belydenisgrondslag van die NG Kerk.

Hierdie artikel gaan oor baie meer as net die byvoeging van die Belharbelydenis by die belydenisgrondslag van die NG Kerk. Dit gaan oor die nuwe bewoording dat 'n belydenisskrif wat volgens die Algemene Sinode 1. "in ooreenstemming met die Woord van God" waar is, en wat 2. deel van die konstituering van die NG Kerk is, nie meer deur lidmate of kerklike vergaderinge as belydenisskrif aanvaar hoef te word nie.

Ongeag of dit in hierdie artikel oor die Belharbelydenis sou gaan of nie, is hierdie vryheid van lidmate teenoor 'n belydenisskrif wat 1. volgens die Woord van God die waarheid is, en 2. deel van die kerk se belydenisgrondslag is, 'n heel nuwe en eie geloofsaak in die NG Kerk, en waarskynlik ook in die Gereformeerde kerke wêreldwyd.

Hierdie nuwe saak in hierdie artikel beteken dat die kerk as gemeenskapsinstelling homself die reg toe eien om te mag besluit dat lidmate nie meer in God hoef te glo soos wat geloof in God 'n belydenisskrif bely word nie.

Dit moet goed verreken word dat die Algemene Sinode as kerklike vergadering reeds aanvaar en verklaar het dat, volgens hierdie spesifieke vergadering van die NG Kerk, die Belharbelydenis ooreenkomstig die Woord van God die waarheid oor God is.

Daarom beveel hulle by lidmate aan dat die Belharbelydenis deur lidmate binne die nuut gekonstitueerde NG Kerk aanvaar kan word as die waarheid oor God volgens die Skrif.

Die werklike verskuiwing in hierdie nuwe kerkorde artikel gaan oor hierdie nuwe tipe vryheid wat aan lidmate gegee word. Dit is die vryheid om nie in God te hoef te glo volgens 'n geloofsbelydenis wat in ooreenstemming met die Woord van God die waarheid oor God bely nie.

Die waarheid oor wie God in hierdie belydenisskrif volgens die Skrif as God is, is nie meer bindend vir die geloof en lewenswyse van lidmate nie. Lidmate word deur die kerk as instelling die vryheid gegee om hulle nie deur hierdie belydenis oor God in hulle geloof en lewenswyse te laat bind nie.

Dit is die werklike diepgaande konstitusionele verskuiwing wat in hierdie artikel plaasvind. Die Algemene Sinode gee lidmate van die NG Kerk die vryheid om nie deur 'n geloofsbelydenis gebind te word nie, al is hierdie belydenis oor God volgens hulle eie oortuiging, en besluite as kerklike vergadering, in ooreenstemming met die Skrif die waarheid oor God.

Daarom is die werklike vraag wat gevra moet word: waar kry die Algemene Sinode hierdie nuwe vorm van gesag vandaan? Dit is, die gesag om as kerk lidmate vry te maak van 'n geloofsbelydenis wat ooreenstemmig die Skrif die waarheid oor God bely en deel van die konstituering van die NG Kerk is?

Dit mag volgens die eerste punt van die kerkorde lyk asof hierdie nuwe tipe gesag volgens die gesag van die Skrif deur hierdie kerklike vergadering toegestaan word. Want in die eerste punt word gestel dat die NG Kerk gegrond is op die Woord van God, bedoelende as die hoogste gesag in die NG Kerk.

Beskrywingspunt: die nuwe hoogse gesag in die nuut gekonstitueerde NG kerk.

Maar dit sou beteken dat die Skrif openbaar dat 'n geloofsbelydenis oor God wat die waarheid oor God bely, en binne die kerk as die waarheid oor God erken word, iets is wat lidmate nie tot God en mekaar verbind nie.

Die werklike vraag wat dan aan die Skrif gestel moet word, sou dit nog as die hoogste gesag binne die NG Kerk erken word, is wat leer die Skrif oor die karakter en werking van die geloofsbelydenis in en van Jesus Christus as die Here?

Kan lidmate van die kerk van die Here die waarheid oor wie die Here is, bely sonder dat ander lidmate van die kerk van die Here aan hierdie belydenis gebind is in hulle eie geloof en lewenswyse?

Seker een van die belangrikste gedeeltes vir die beantwoording van die hierdie vraag in die Skrif is die Here se openbaring van Homself as die Christus, en Petrus se geloofsbelydenis oor Jesus as die Christus, in Matteus 16: 13-19 en in die ooreenstemmende gedeeltes in Mark. 8:27-30, Luk.9:18-21 en Joh. 20:19-31.

¹³“Toe Jesus in die streke van Sesarea-Filippi kom, het Hy vir sy dissipels gevra: “Wie, sê die mense, is die Seun van die mens?”¹⁴Hulle antwoord: “Party sê Johannes die Doper, party Elia, party Jeremia of een van die profete.”¹⁵“Maar julle,” het Hy gevra, “wie, sê julle, is Ek?”¹⁶Simon Petrus het geantwoord: “U is die Christus, die Seun van die lewende God.”¹⁷“Gelukkig is jy, Simon Barjona,” het Jesus vir hom gesê, “want dit is nie 'n mens wat dit aan jou geopenbaar het nie, maar my Vader wat in die hemel is. ¹⁸En Ek sê vir jou: Jy is Petrus, en op hierdie rots sal Ek my kerk bou, en die magte van die doderyk sal dit nie oorweldig nie. ¹⁹Ek sal aan jou die sleutels van die koninkryk van die hemel gee, en wat jy op die aarde toesluit, sal in die hemel toegesluit bly; en wat jy op die aarde oopsluit, sal in die hemel oopgesluit bly.”

In hierdie Skrifgedeeltes word die eenheid tussen die openbaring van God en die geloofsbelydenis vanuit hierdie openbaring gewys. Dit is dieselfde eenheid wat Paulus beskryf as ⁹“As jy met jou mond bely dat Jesus die Here is, en met jou hart glo dat God Hom uit die dood opgewek het, sal jy gered word. ¹⁰Met die hart glo ons, en ons word vrygespreek; en met die mond bely ons, en ons word gered.” (Rom.10)

Jesus word deur die Vader geopenbaar as die Christus. Die Vader openbaar Jesus nie as die herlewing van Johannes die Doper, as 'n profeet soos die profete van die Ou Testament of die profeet voor die koms van die Christus, Elia, nie. Die Vader openbaar Jesus as die Christus en as die Seun van God.

Christus doen iets baie unieks in en deur hierdie spesifieke geloofsbelydenis: Hy bou sy kerk op hierdie geloofsbelydenis. Christus bou nie sy kerk op ander tipe geloofsoortuigings en meningsverklarings oor Hom soos dat Hy 'n herlewing van Johannes of 'n profeet van God is nie.

Die Vader openbaar Christus as Christus en Here in die hart van sy kinders. Geen dissipel openbaar Christus as Here en God nie. Geen menslike handeling, besluit of geskryf anders as die Woord van God kan ooit die karakter van hierdie spesifieke openbaring hê nie. Die openbaring is en bly altyd 'n soewereine daad van God alleen. Daarom stel die Here aan Petrus dat geen mens dit aan hom geopenbaar het nie, maar net die God die Vader alleen.

Beskrywingspunt: die nuwe hoogse gesag in die nuut gekonstitueerde NG kerk.

Wat mense aan mekaar oor Christus bekendmaak is verklarings soos dat Hy 'n opvolger van Johannes die Doper of 'n profeet van God is.

Die openbaring van God in Christus bring gelowiges tot die openbare belydenis van Christus as Here en God. Daarom is die woorde van Petrus: "U is die Christus die Seun van die lewende God", nie self openbaring nie, maar die geloofsbelydenis uit die openbaring van God, net soos Paulus die onderskeid maak tussen hart en mond, glo en bely.

Wat belangrik is, is om te sien wat doen Christus in en deur hierdie spesifieke geloofsbelydenis teenoor ander menslike verklarings oor Christus doen. Die geloofsbelydenis in Christus, wat volgens die openbaring van God die waarheid is, is nie maar net 'n verklaring van menslike oortuiging of beleid van menslike bedoeling nie. Hierdie tipe geloofsbelydenis self is die skepping van die Here en ook werktuig van die Here. 'n Geloofsbelydenis in Christus wat volgens die openbaring van Christus die waarheid is oor Christus, is 'n skepping van die Here self, net soos die geloof in die hart.

Hierdie geloofsbelydenis, uit die hart en met die mond, word ook nie 'n menslik beheerde, bestuurde en georganiseerde daad nie, anders as verklarings oor Jesus uit menslike ervarings van Jesus.

Christus self handel in en deur hierdie tipe geloofsbelydenis wat die waarheid van die openbaring van God erken. In en deur hierdie belydenis bou Christus as Here self sy kerk. Nét deur hierdie tipe geloofsbelydenis wat in ooreenstemming met die waarheid van die openbaring van die Vader is!

In hierdie wêreld bou Christus nie sy kerk op die direkte openbaring van God nie, maar op die belydenis van die kerk uit en oor die openbaring van God.

Hierdie "bou" van Christus van die kerk in en deur die openbare belydenis van die kerk oor Jesus as Here en God, is 'n handeling van die verhoogte Christus. Hierdie "bou" is nie die handeling van kerklike vergaderinge, godsvervulde geestelikes, visionêre intellektueles of bemagtigde geestelike leiers nie. Daarom is die kerk ook iets heeltemal anders as die spirituele gemeenskappe wat sulke geestelikes, intellektueles en leiers met ander tipe verklarings oor Jesus om hulle vergader.

Christus as verhoogde Here versamel sy kerk met Hom as Here, bring sy kerk teenoor Hom as Here tot verantwoording, bring sy kerk sy tot keuses vir Hom as Here en maak sy kerk 'n openbare instelling in die gemeenskap, net soos wat die Here die staat 'n openbare instelling van God in die gemeenskap maak. Dit alles doen Christus self as Here in die geloofsbelydenis van Hom as Here en God.

Prof. CJ Wethmar dui in sy boek, "Dogma en verstaanshorison", hierdie werking van Christus in die geloofsbelydenis as 1. die antwoordkarakter, 2. die verantwoordelikhedskarakter, 3. die beslissingskarakter, en 4. die openbaringskarakter van die geloofsbelydenis in Christus aan .¹

Die vryheid wat in die nuutgekonstitueerde NG Kerk aan lidmate gegee word teenoor 'n geloofsbelydenis oor Christus, wat volgens die Skrif die waarheid oor Christus is, word deur

¹ Wethmar, CJ Dogma en verstaanshorison, Vrije Universiteit te Amsterdam: Rodopi, 1977, pp. 43-93

Beskrywingspunt: die nuwe hoogse gesag in die nuut gekonstitueerde NG kerk.

die pleitbesorgers van hierdie nuwe soort vryheid “ruimte” genoem en die “skep van ruimte vir mekaar”.

Wat is die bedoeling en werking van hierdie sogenaamde “ruimte” en “ruimteskepping vir mekaar”?

Die bedoeling en werking van hierdie nuwe tipe vryheid is dat ’n geloofsbelydenis oor Christus vir sommige lidmate, ampsdraers en kerklike vergaderinge volgens die Woord van God die waarheid oor Christus kan wees, terwyl dit vir ander lidmate van dieselfde kerk nie die waarheid oor Christus volgens die Woord van God hoef te wees nie.

Die bedoeling en werking van hierdie “ruimte” wat geskep en gegee word, is dat Christus as Here van die kerk ook hierdie ruimte in die kerk vir lidmate sal moet gee.

Dit is die bedoeling van en werking van hierdie nuwe tipe vryheid: dit maak lidmate van die nuut gekonstitueerde NG Kerk vry van wat Christus deur in en deur die geloofsbelydenis in Hom doen.

Volgens hierdie nuwe artikel gee Christus as Here binne sy liggaam hierdie tipe vryheid aan die lede van sy liggaam. Hierdie vryheid beteken dat Christus as Here nie in en deur ’n geloofsbelydenis oor Hom wat volgens die openbaring van die Vader waar is, lede van sy kerk versamel, teenoor Hom tot verantwoording bring, vir Hom tot beslissing bring of hulle as openbare instelling vorm nie.

Hoe kan Christus as Here van sy Kerk vir lidmate, en dan nog aan sekere lidmate teenoor ander, binne die nuut gekonstitueerde NG Kerk hierdie “ruimte”, dit is vryheid van ’n geloofsbelydenis oor Hom aan lidmate gee en nog sy kerk bou?

Christus kan tog nie as Here van sy kerk sy ledemate vrystel van sy kerkbou nie. Dit is tog ondenkbaar dat Christus as Here sy kerk net vir sommige lede van sy liggaam bou!

Christus as Here van sy kerk kan nie lede van sy liggaam vrystel van sy handeling as Here waardeur Hy hulle as sy liggaam vergader, hulle tot verantwoording teenoor Hom as Here bring, hulle voor die beslissing teenoor Hom as Here stel of as openbare instelling in die gemeenskap vorm nie.

Sou die Here dit doen, dan sou Hy nie meer die Hoof van sy liggaam wees nie, nie meer die Here van sy Kerk wees nie, of ten minste dan nie meer die Here van die nuut gekonstitueerde NG Kerk wees nie.

Nou hoe kan lidmate van die nuut gekonstitueerde NG Kerk dan volgens die NG Kerk die vryheid hê om hulle te laat bind of nie te laat bind nie, net soos hulle wil, deur ’n geloofsbelydenis wat volgens die openbaring van die Here die waarheid oor die Here is? Volgens ’n geloofsbelydenis waarin die openbaring van God die Vader oor Jesus as Christus en Here bely word?

Want teenoor ’n geloofsbelydenis in Hom, wat volgens sy openbaring waar is, kan lidmate nou volgens die nuwe kerkorde artikel oor die Belharbelydenis, die vryheid hê om hulle nie in en deur hierdie geloofsbelydenis te laat versamel, tot verantwoording gebring te laat word,

Beskrywingspunt: die nuwe hoogse gesag in die nuut gekonstitueerde NG kerk.

tot beslissing gebring te laat word of as openbare instelling gevorm te laat word nie, of hulle kan as hulle wil.

Die enigste wyse waarop hierdie vryheid moontlik is, sonder om die kerk te laat disintegreer, is deurdat die Here nie meer deur en in die geloofsbelydenis sy kerk bou nie.

Die Here kan tog nie een kerk bou waarin lede deur Hom of versamel word of nie, of tot verantwoording gebring word of nie, of teenoor Hom tot 'n beslissing kom of nie, of deel van die openbare instelling van die kerk kan wees of nie. Dit is nie kerkbou nie. Dit is kerkskeuring en die Here kan nie sy eie kerk op hierdie wyse verskeur nie.

Wat is dan hierdie nuwe kerkbou van die Here waarin lidmate nie deur 'n geloofsbelydenis in Hom meer versamel en regeer word nie?

Dit is reeds verwoord in die voorgestelde nuwe artikel oor die Belharbelydenis. Die grondslag van hierdie ruimteskeppende gees tussen lidmate is hulle spiritualiteit, nie meer hulle geloofsbelydenis nie.

Spiritualiteit is volgens die Matteusteks dan wat mense oor Jesus sê soos hulle elkeen Jesus beleef. Spiritualiteit is iets anders as die geloof in Jesus uit die openbaring van God die Vader. Die aanvoeders van spiritualiteit noem hulle geestelikheid juis spiritualiteit om hulle te onderskei van hierdie vaste gronde dat oor Jesus net geglo kan word soos God dit net op een wyse in die Skrif openbaar.

Dit kan tog nie anders dat hulle hierdie vryheid op spiritualiteit begrond nie!

Indien hulle die geloofsbelydenis die grondslag van die kerk sou gemaak het, dan beteken dit dat hulle in hulle grondslag as kerk verdeeld is, maar meer as dit, in hierdie artikel ooreenkom om in hulle geloofsgrondslag verdeeld te wees. Want die artikel oor Belhar is 'n spirituele ooreenkoms om oor die geloof wat in ooreenstemming met die woord van God die waarheid is, verdeeld te mag wees.

Dit terwyl hierdie artikel juis bedoel is om kerkeenheid te bewerk!

Hoe absurd dit op die oog af mag lyk gaan dit tóg oor kerkeenheid. Maar dit gaan nie meer in hierdie spesifieke artikel 1.2.2 oor die Belharbelydenis oor kerkeenheid in die eenheid in geloofsbelydenis nie. Dít geloofsbelydenis wat volgens die openbaring van die Vader die waarheid oor Jesus is nie! Daaroor kom ons nou ooreen om verdeeld te wees. Dit gaan nou oor eenheid in die spiritualiteite oor Jesus: oor hoe mense Jesus beleef en hoe hulle sê hulle Hom beleef.

Hierdie artikel maak dat lidmate met 'n spiritualiteit waarin God op 'n besondere wyse die God van die maatskaplike armes, verontregtes, gevangenes en onderdrukte is, moet ruimte maak vir lidmate wat nie hierdie spiritualiteit met God deel nie en andersom.

Dit is die werklike geloofs- en konstitusionele verskuiwing wat in hierdie voorgestelde artikel plaasvind. Christus bou nou sy kerk in en deur die spiritualiteit van lidmate. Daarom moet hulle met mekaar in hulle spirituele verskille en diversiteit vir mekaar ruimte gee om een spirituele gemeenskap te wees.

Beskrywingspunt: die nuwe hoogse gesag in die nuut gekonstitueerde NG kerk.

Hierdie spirituele gemeenskap word nie meer deur die Here gebou in en deur hulle geloofsbelydenis as antwoord op sy openbaring as Here nie. Dit is nie meer volgens hierdie artikel die wyse waarop die Here self hierdie spirituele gemeenskap versamel, tot verantwoording bring, tot beslissing bring en tot openbare instelling maak nie.

Volgens hierdie artikel se vryheid bou die Here nou hierdie gemeenskap in en deur lidmate se spiritualiteit en daarom moet hulle kerkeenheid bewerk deur spirituele konsensus in spirituele diversiteit.

Hierdie artikel verwoord die tipiese geestelike “Gemeentebou” spiritualiteit. “Gemeentebou” is volgens geestelikes die geestelike aksie van mense wat met God se krag en gees vervul is, dit is, bemagtigde geestelike leiers. Daarom is volgens hulle oortuiging leraars en sommige lidmate op die geestelike vlak dat hulle “gemeentebouers” is en ander lidmate op die vlak om deur die “gemeentebouers” opgebou te word. Opgebou te word in hierdie spirituele eenheid met God!

Met “ruimte gee” en “ruimte skep” word bedoel om vir mekaar se spiritualiteit vryheid te gee, dit is, om binne een organisasie verskillende spiritualiteite, geestelike belewenisse, oor God te akkommodeer. Deur hierdie diverse spiritualiteite van hoe mense Jesus beleef en sê wie Hy vir hulle in hulle belewenisse is, moet ’n nuwe geestelike eenheid en nuwe kerk opgebou word.

Dit is die werklike konstitusionele verskuiwing wat plaasvind in die voorgestelde nuwe kerkorde artikel 1.2.2 oor die aanvaarding van die Belharbelydenis. Dit is ’n verskuiwing in die vraag en antwoord oor wie die kerk van die Here bou en waardeur die kerk van die Here gebou word.

Maar wie en wat is dan die hoogste gesag in hierdie nuwe geestelike gemeenskap?

Hierdie antwoord lê opgesluit in die antwoord wie besluit het dat Christus sy kerk nie in en deur die geloofsbelydenis as antwoord op sy openbaring as Here bou nie, maar dat Christus as Here sy kerk nou sou bou deur lidmate se spiritualiteit!

Want wie vir die Here hierdie tipe besluit geneem het dat Hy nie meer in en deur die geloofsbelydenis in Hom sy kerk versamel, sy kerk tot verantwoording en tot beslissing vir Hom as Here bring nie en Hy nie meer hierdie geloofsgemeenskap as openbare instelling deur hierdie belydenis vorm nie, is nou teenoor die Here wat Hom in sy Woord openbaar, die hoogste gesag in hierdie geestelike tipe gemeenskap.

Wie hierdie besluit vir die Here geneem het om lidmate vry te maak van die geloofsbelydenis in Hom as sy kerkbou en spiritualiteit ingestel het as die Here se nuwe kerkbou is nou die hoogste gesag in die nuut gekonstitueerde NG Kerk!

Want hulle het die Here se middel van kerkbou vir die Here verander! En wie dit vir die Here verander het, het nou hoër gesag as die Here wat Hom anders as dit in sy Woord openbaar.

Die Woord van God kan binne hierdie nuwe “ruimte” nie meer die hoogste gesag in die kerk wees nie. Volgens die woord van God bou Christus sy kerk op die geloofsbelydenis as antwoord op sy openbaring as Here. Wie besluit dat die Here dit nou deur spiritualiteit en spirituele konsensus doen, het hoër gesag as die Woord van God.

Beskrywingspunt: die nuwe hoogse gesag in die nuut gekonstitueerde NG kerk.

Die geloofsbelydenis in die Here is nie maar net die kerk se “leer”, die kerk se “dogma” of die kerk se “beleidskrif” waaroor die kerk kan besluit hoe dit lyk, saamgestel is en hoe ’n geloofsbelydenis in die Here werk nie. Mense se verklarings oor hulle belewenisse van Jesus is ’n spirituele gemeenskap se “leer”, “dogma” of beleidskrifte oor Jesus, wat hulle kan opstel en laat werk soos hulle God beleef. Die geloofsbelydenis as antwoord op die Here se openbaring is iets anders as hierdie ervarings en verklarings oor Jesus. Dit is nie ervarings en verklarings nie. Dit is die kennis van en vertrouwe in die Here soos Hy Hom openbaar in sy Woord.

Die geloofsbelydenis in Christus as Here is die Here se kerkbou. In en deur hierdie belydenis is die Here self handelend besig: versamel Hy, bring Hy sy kerk tot verantwoording, tot beslissing teenoor Hom en vorm Hy hulle as openbare instelling.

Wie gee hierdie tipe vryheid, hierdie “ruimte”, vir lidmate teenoor die wyse waarop die Here in en deur die geloofsbelydenis as Here sy kerk bou? En watter gesag het hulle wat hierdie “ruimte” skep en gee, om dit teenoor die wyse waarop die Here deur ’n geloofsbelydenis in Hom, sy kerk bou, te mag gee?

Die antwoord op die vraag wie hierdie vryheid binne die nuut gekonstitueerde NG Kerk gee, is - bemagtigde spirituele leiers.

Hulle gee hierdie vryheid en eis as bemagtigde geestelike leiers die aanvaarding van hierdie vryheid deur lidmate. Dit doen hulle deur lidmate te verplig om Christus na te volg volgens die voorbeeld van hulle spiritualiteit oor Jesus as die bemagtigde leiers.

Die antwoord op die vraag op grond van watter gesag hulle hierdie ruimte kan gee, is: op grond van die gesag van hulle spiritualiteit en op grond van hulle posisie in meerdere kerkvergaderinge.

Dit is die nuwe hoogste gesag in die nuwe kerk van geestelike diversiteit: spiritualiteit en bemagtigde spirituele leiers.

In hulle geestelike verhouding met God word hulle een met God in sy openbaring, raadsplan en wil. Daarom is hulle visies, God se nuwe droom vir die kerk; hulle spirituele belewenisse, God se stem in die kerk en hulle besluite in vergaderinge, God se raadsplan vir die kerk.

Hierdie eenheid met God in sy openbaring buite die geloofsbelydenis in Christus is die werkende krag wat maak dat wanneer die kerklike vergaderinge oor die Belharbelydenis in gesprek gaan dit nie as vergaderinge bestuur word nie maar as aanbiddingsgeleenthede met die ritueel van oop Bybels. Hierdie nuwe verskuiwing moet in die gees van aanbidding van die nuwe geestelike leiers aanvaar word want hulle visie is God se droom, hulle geestelikheid God se stem en hulle besluite die raad van God.

Daarom ook die opvallende verandering in die motivering van Artikel 1. Dit word nie meer gemotiveer as omdat dit volgens die Woord van God die waarheid is nie. Dit kan trouens nie meer as motivering dien binne hierdie nuwe tipe vryheid nie. Die nuwe motivering is omdat die leiers “die stem van God” gehoor het, wat iets anders is as die geloof in die Woord van God. In hierdie “stem van God” bou die Here nou die kerk op die direkte openbaring van God aan die geestelike leiers, nie meer op die geloofsbelydenis in Christus as Here nie.

Beskrywingspunt: die nuwe hoogse gesag in die nuut gekonstitueerde NG kerk.

Daarom moet lidmate nou die voorbeeld van die geestelike leiers volg. Hulle het in hulle belewenis van Jesus “die stem van God” gehoor.

Dit is ook die gronde vir die drif dat sinodes voor lidmate en kerkrade moet stem: sodat die bemagtigde leiers vir lidmate die voorbeeld sal stel hoe om Jesus in hierdie stemming na te volg.

Hierdie nuwe hoogste gesag, spiritualiteit en bemagtigde geestelike leiers, word treffend geïllustreer in wisselvallige optrede en mening van die huidige moderator van die ASM, dr. Nelus Niemandt, as een van die pleitbesorger van hierdie voorgestelde nuwe kerkorde artikel.

Tydens die sinode-sitting van die Noordelike Sinode in 2012 het dr. Niemandt die vergadering toegesprek en gestel dat die Heilige Gees sal self lidmate oortuig om die Belharbelydenis as in ooreenstemming met die woord van God te aanvaar.

Die Skrifgedeelte wat hy vir hierdie stelling gebruik het, was Handeling 15 se berig van die gesamentlike vergadering en besluit van die gemeentes van Antiochië en Jerusalem.

Hierdie vergadering en besluit het gehandel oor die opvatting van Joodse Christene dat dit nodig is om besny te word om gered te word: “Daar het mense van Judea af gekom en die gelowiges wysgemaak: “As julle nie die gebruik van Moses nakom deur julle te laat besny nie, kan julle nie gered word nie.” (Hand 15:1)

Die strekking van sy stelling was vir die vergadering duidelik: net soos die vergadering in Jerusalem kon sê dat hulle en die Heilige Gees saam besluit het, net so kan die Algemene Sinode na 2011 sê dat hulle en die Heilige Gees het besluit die Belharbelydenis moet deel van die NG Kerk se belydenisgrondslag wees. Daarom sy gewraakte stelling dat die Heilige Gees na die 2011 Algemene Sinode die lidmate van die Belharbelydenis sal oortuig.

Hierdie oortuiging wat hy uitgesprek het, is ook die gronde gewees van die sogenaamde “interpretasie” van Algemene Sinodale Moderatuur op 30,31.01.2013 van die besluit van die AS 2011.

Die ASM, as dagbestuur van die Algemene Sinode, het naamlik besluit dat die AS 2011 “’n duidelike besluit vir Belhar sou gemaak het”. Met hierdie “interpretasie” het hulle besluit dat die stemming van lidmate, kerkrade en sinodes net ’n approbasieproses sou wees. Die AS 2011 sou kláár besluit het.

In hierdie besluit was die oortuiging dat hulle die stem van God gehoor het, deur God se stem bemagtig is en die bemagtigde leiers is wat lidmate moet navolg as deel van hulle navolging van Christus, werksaam.

Volgens hierdie eiemagtige optrede van die ASM sou die goedkeuring van die Belharbelydenis nie ’n proses wees waarin die NG Kerk vir of teen die Belharbelydenis kon kies, en die AS eers dáárna die Belharbelydenis as ’n belydenis van die NG Kerk kon aanvaar nie.

Hulle het as bemagtigde leiers besluit die Algemene Sinode en die Heilige Gees het klaar oor die Belharbelydenis besluit. Dit kan nog net geapprobeer word terwyl dit die Heilige Gees se werk sou wees om lidmate te oortuig om die Belharbelydenis

Beskrywingspunt: die nuwe hoogse gesag in die nuut gekonstitueerde NG kerk.

te aanvaar as in ooreenstemming met die Woord van God.

Hierdie “interpretasie” is vervat in die voorstel van die ASM aan die AS van 2013: “1. Die Nederduitse Gereformeerde Kerk is gegrond op die Bybel as die heilige en onfeilbare Woord van God. 2. Die leer wat die Kerk in ooreenstemming met die Woord van God bely, word verwoord in die

belydenisskrifte wat deur kerkvergaderinge, ampsdraers en lidmate onderskryf word.

3. Die Kerk bely:

3.1 in verbondenheid met die vroeë kerk die ekumeniese belydenisse, naamlik die Apostoliese

Geloofsbelydenis, die Geloofsbelydenis van Nicea en die Geloofsbelydenis van Athanasius;

3.2 in verbondenheid met die kerk van die reformatie die drie Formuliere van Eenheid, naamlik die

Heidelbergse Kategismus, die Nederlandse Geloofsbelydenis en die Dordtse Leerreëls;

3.3 in verbondenheid met die kerk in die Suider-Afrikaanse konteks die Belydenis van Belhar.” (agenda bl.173)

Volgens die voorstel van die ASM aan die AS 2013 sou die NG Kerk die Belharbelydenis aanvaar het vir elke lidmaat, kerkraad, ampsdraer en kerklike vergadering “as in ooreenstemming” met die Woord van God.

Volgens dr. Niemandt se stelling aan die Noordelike Sinode sou hierdie manier waarop dit aanvaar moet word, dus die besluit van die AS 2011 en die Heilige Gees gewees het. Daarom moes die vergadering van die Noordelike Sinode maar net van ’n bemaatigde geestelike leier hoor en aanvaar dat die Heilige Gees hulle een of ander tyd self hiervan sal oortuig. Die Heilige Gees het klaar die leiers oortuig!

Die AS 2013 het nie hierdie aanbeveling aanvaar nie, maar wel die nuwe voorgestelde artikel oor Belhar soos bo verwoord, goedgekeur.

Die AS het ook nie “klaar oor Belhar besluit” in 2013 nie, maar net ’n wysiging van Kerkorde Artikel 1 voorgestel vir goedkeuring deur lidmate, kerkrade en sinodes, vóór die Algemene Sinode daarvoor kan besluit om dit deel van die geloofsgrondslag van die NG Kerk te laat wees.

Op die sinode-sitting van die Oostelike Sinode in 2014, waar die sinode oor hierdie nuwe voorstel van Artikel 1 van die AS 2013 gestem het, het dr. Niemandt weer Handeling 15 gebruik as motivering hoekom nou vir die voorstel van die AS 2013 gestem moes word.

Maar nou met ’n heel nuwe spirituele interpretasie. Die interpretasie van 2012 was dat omdat die Algemene Sinode en die Heilige Gees saam besluit het, moes die Belharbelydenis deur die hele kerk as in ooreenstemming met die Woord van God aanvaar word.

In hierdie sinode vergadering het dr. Niemandt verduidelik dat die Handeling 15 vergadering juis ’n voorbeeld sou wees van hierdie tipe vryheid dat nie almal die Belharbelydenis moet aanvaar nie: die Handeling 15 vergadering sou besluit het die Joodse Christene mag besny wees maar die nie-Joodse Christene hoef nie besny te word nie, en elkeen is reg. In 2014 is Handeling 15 nou ’n voorbeeld van spirituele konsensus, nie meer van wat volgens die Woord van God waar is nie.

Beskrywingspunt: die nuwe hoogse gesag in die nuut gekonstitueerde NG kerk.

Omdat die AS 2013 'n ander besluit geneem het as die “besluit” van AS 2011, gaan die Heilige Gees lidmate nou van die nuwe besluit van die AS oortuig: spirituele konsensus is die nuwe werkswyse van die Heilige Gees.

En so sal elke nuwe besluit van bemaagtigde geestelike leiers ná kerklike vergaderinge nou die besluit van die geestelike leiers “en die Heilige Gees wees”. Maak nie saak hoe teenstrydig die nuwe besluite van die nuwe bemaagtigde leiers of vergaderinge met die vorige geestelike leiers of vergaderinge se vorige besluite gaan wees nie.

Die werklike saak in die vergadering van Handeling 15 was dat jy net deur jou geloof in Jesus Christus gered word, en nie deur enige ander voorskrif volgens die wet nie (Hand. 15:11). Hieroor is daar in die vergadering van die gemeentes Antiochië en Jerusalem geen konsensus in verskil toegelaat nie. Paulus gee in sy brief aan die Galasiërs die vergadering van Handeling 15 se standpunt as volg: ²“Kyk, ek, Paulus, sê vir julle: As julle julle laat besny, sal Christus vir julle geen betekenis hê nie. ³Ek sê dit weer nadruklik vir elkeen wat hom laat besny: Hy is verplig om die hele wet van Moses te onderhou.”.

In dr. Niemandt se spirituele herinterpretasie van die Skrif word hierdie eenheid waarin daar geen spirituele verskil of konsensus in die verskil oor die geloof in Jesus Christus mag wees nie, heeltemal verduister. NG Lidmate mag nou volgens Handeling 15 aan die een kant glo dat Jesus die Here op 'n baie besondere wyse vir sekere sosiale klasse teenoor ander sosiale klasse is, en aan die ander kant hoef ander lidmate hieroor oor die Here heeltemal 'n ander geloof hê. In een kerk ter wille van kerkeenheid!

Hoe hierdie Skrifverduistering juis voorgehou kan word as die bedoeling van die Skrif, is alleen deur die nuwe hoogste gesag in die artikel oor die Belharbelydenis moontlik: die spiritualiteit van lidmate soos bestuur deur die geestelike bemaagtigde leiers in meerdere kerkvergaderinge.

Die gekende weg van die Gereformeerde kerke om 'n belydenis wat nie as “in ooreenstemming” met die Woord van God aanvaar kan word nie, dan te aanvaar “in soverre as wat dit met God se Woord ooreenstem”, sodat elkeen deur die Skrif as hoogste gesag in die geloofsbelydenis gebind bly, kon die AS nie volg nie.

Want om die Belharbelydenis op hierdie wyse te aanvaar, “in soverre as wat dit met die Woord van God” ooreenstem, is daar en sal daar nooit binne die familie van die NG Kerk spirituele konsensus oor gekry kan word nie. Om spirituele konsensus te kry moet die wese van die geloofsbelydenis verander word – dat dit die wyse is waarop Christus sy kerk bou.

Spirituele konsensus is die wyse waarop die kerk en die eenheid van die nuwe gekonstitueerde NG Kerk gebou sal word deur bemaagtigde geestelike leiers. In hierdie spirituele konsensus kan 'n geloofsbelydenis oor Christus wat volgens die openbaring van Christus waar is, vir lidmate in hierdie nuwe gekonstitueerde gemeenskap nie meer bindend wees nie.

Want in hierdie nuwe gesag en grondslag bou Christus nie meer sy kerk deur en in die geloofsbelydenis nie. Die Here bou nou 'n spirituele gemeenskap op uit wat mense oor Hom sou sê uit al die verskillende wyses waarop hulle Hom beleef.

Beskrywingspunt: die nuwe hoogse gesag in die nuut gekonstitueerde NG kerk.

Die keuse waarvoor die Algemene Sinode sy lidmate, ampsdraers en kerkrade met die nuwe voorgestelde kerkorde artikel geplaas het, is om te kies vir die verskuiwing van die hoogste gesag van die kerk as die Skrif, vir 'n nuwe hoogste gesag: die spiritualiteit van die kerk soos bestuur deur bemagtigde geestelike leiers.

Die gronde vir hierdie verskuiwing is dat Christus nie hierdie nuwe spirituele gemeenskap bou in en deur die geloofsbelydenis volgens sy openbaring nie, maar deur die spiritualiteit van geestelikes.

Hierdie verskuiwing gaan ook nie eers gebeur met die aanvaarding van die kerkorde artikel oor Belhar nie. Dit het reeds in die Algemene Sinode van 2011 gebeur.

In die wyse waarop in die AS 2011 besluit is dat in die NG Kerk

- 1.aan die bestaan van engele geglo kan word as persoonlike wesens of nie, ten spyte van die geloofsbelydenis hieroor;
- 2.in die instel van die praktyk van die uitdryf van duiwels in die NG Kerk;
- 3.in die aanvaarding van ander menslik opgemaakte seremonies in die plek van n t die doopseremonie wat die Here ingestel het as teken van die eenheid my sy dood en opstanding,
- 4.en ook in die erkenning van saambly as 'n vorm van Christelike liefde voor die huwelik, wat nog net kerklik ingeseen moet word,

het die grondslag van die NG Kerk reeds van die Skrif na spiritualiteit as die hoogste gesag verskuif.

Hierdie besluite is reeds geneem deur en volgens spirituele konsensus van diverse spiritualiteite vir die nuwe NG spirituele gemeenskap.

In die voorstel voor die AS 2013 het die teenstrydigheid in die vergadering aan die orde gekom dat die ASM 'n nuwe geloofsbelydenis as deel van die grondslag van die NG kerk wou goedkeur, volgens die Gereformeerde kwalifikasie van "in ooreenstemming met die Woord" van God, teenoor "net in soverre as wat dit met God se Woord ooreenstem", terwyl die vergadering self al reeds gefunksioneer het op die nuwe grondslag – spiritualiteit.

In die nuwe voorgestelde artikel oor die Belharbelydenis word hierdie verskuiwing in die begroting van die kerk, wat reeds in die praktyk van die kerk gebeur het, nou net deel van die amptelike kerkorde en amptelike konstituering van die NG Kerk.

Daar is nou 'n wesenlike verskil tussen wat die Here van die Kerk met die geloofsbelydenis in Hom doen en wat in die nuwe gekonstitueerde NG Kerk met die geloofsbelydenis in die Here gedoen word.

Die Here bou sy Kerk op die geloofsbelydenis in Hom. Die nuwe gekonstitueerde NG Kerk word op spiritualiteit gebou terwyl lidmate vrygestel word van 'n geloofsbelydenis in die Here wat volgens die Algemene Sinode volgens die Woord van God die waarheid oor God se openbaring bely.

Wat hou dit in vir die nuwe gekonstitueerde NG Kerk in die aanvaarding van die voorgestelde artikel 1 oor die Belharbelydenis?

Beskrywingspunt: die nuwe hoogse gesag in die nuut gekonstitueerde NG kerk.

Dit wys duidelik in die Woord van God in 1 Petrus 2: “⁶Daarom staan daar in die Skrif: “Kyk, Ek lê in Sion ’n hoekklip, uitverkies vir die ereplek. Wie in Hom glo, word nooit teleurgestel nie.” ⁷Julle wat glo, deel in hierdie eer, maar vir dié wat nie glo nie, geld die woorde: “Die klip wat deur die bouers afgekeur is, juis hy het die belangrikste klip in die gebou geword” ⁸en: “’n klip waaroor ’n mens struikel en ’n rots waarteen jy jou stamp.” Hulle struikel omdat hulle nie aan die woord gehoorsaam is nie. So het God dit ook vir hulle bestem.”

Kan ’n twee-derde-meerderheid-stem in die NG Kerk van lidmate, kerkrade, sinodes en die Algemene Sinode die wyse waarop die Here sy Kerk bou verander?

Moet die Here sy wyse van regering en die wyse waarop Hy die Hoof van sy Kerk is verander indien daar ’n twee-derde-meerderheid-stem teen Hom en sy kerkbou is?

Gaan die Here na die twee-derde-meerderheid-stem sy kerkbou verander van kerkbou op die geloofsbelydenis in Hom volgens die openbaring van die Vader na kerkbou deur bemaagtigde geestelike leiers en diverse spiritualiteite?

Die Here gaan nog steeds die Here wees soos Hy die Here is!

Hy gaan sy Kerk bou op die rots wat Hy skep deur sy openbaring as Christus en Seun van God. Hy as Here gaan die Klip wees waarvoor mense wat oor Hom verklarings van hulle belewenisse maak, sal struikel en Hy sal self die Rots wees waarteen spirituele gemeenskappe wat hulle self op hierdie belewenisse en verklarings grond, sal vasloop, sal disintegreer en sal verpletter.

Die Here het nog nooit sy Kerk gebou op die verklarings dat mense Jesus beleef as Johannes die Doper, Elia, Jeremia of een of ander geestelike profeet nie.

Net so min sal die Here sy Kerk versamel rondom ’n verklaring dat Hy meer spesiaal God vir een sosiale klas in die gemeenskap teenoor ’n ander sosiale klas in die gemeenskap is, maak nie saak hoeveel kospakkies aan armes uitgedeel word of hoeveel onderdrukte politieke vryheid verkry nie; die Here sal nie sy kerk teenoor Hom tot verantwoording bring in ’n belydenis dat Hy meer spesiaal Here vir sosiaal armes, verdrukte en gevangenis is as vir hulle wat ryk, vry en nie in die tronk is nie. Al roep geestelike leiers elke dag, in elke preek en elke katechese-les lidmate in hulle gewete voor God hieroor tot verantwoording. Die Here sal nie sy Kerk tot ’n keuse bring vir ’n belydenis dat Hy ’n voorkeurgod vir armes teenoor rykes is of hulle tot die keuse bring dat hulle Hom in so iets sal moet navolg nie, al staan hulle elke dag voor die beskuldiging van rassisme deur mense se spirituele belewenisse oor nuwe navolgingsmodelle van Jesus; nog minder sal die Here spirituele gemeenskappe sy openbare kerk in die gemeenskap laat wees.

Hoe gaan die Here Here wees vir ’n instelling wat in Hom glo volgens die Woord van God en hulle self tegelykertyd vrystel van die geloof wat volgens die Woord oor Hom die waarheid is?

Die Here gaan sy kerk bou op die geloofsbelydenis in Hom en nie een van sy lede vrystel in die wyse waarop Hy sy Kerk bou in en deur die belydenis van Hom as Christus en Here nie. Maak nie saak wie verklaar dat hulle van die wyse waarop Hy sy Kerk bou vrygestel is nie.

Beskrywingspunt: die nuwe hoogse gesag in die nuut gekonstitueerde NG kerk.

Elke gelowige sal in sy hart glo en met sy mond bely soos die Here hom in sy Woord openbaar, ongeag vrystellings deur geestelike gemeenskappe en bemaagtigde leiers.

Die Here sal elke verklaring oor Hom uit belewenisse van Hom, self verpletter en die gemeenskap wat om hierdie verklaring versamel is laat struikel en disintegreer.

Waar in een instelling soos die nuut gekonstitueerde NG Kerk voorgehou word dat die Here volgens sy openbaring én volgens mense se belewenisse oor Hom Here is, sal die Here in hierdie instelling aan die een kant die Here wees wat op die rots van geloofsbelydenis sy kerk bou, en aan die ander kant terselfdertyd ook die Here wees wat binne hierdie instelling spirituele gemeenskappe oor Hom laat struikel en hulle laat disintegreer.

Hy sal nie hierdie instelling met twee Here's sy een Kerk laat wees nie. Hy sal dit 'n verdeelde en verskeurde instelling laat wees. Want in sy Kerk is Hy en sy Woord die Hoogste gesag.

Die Here van die Kerk sal die nuut gekonstitueerde NG Kerk 'n innerlike verdeelde en verskeurde instelling laat wees.

Hierdie verdeeldheid en verskeuring sal nie, soos wat die bemaagtigde geestelike leiers dit gaan voorhou, deur die rassisme van lidmate verdeeld en verskeurd wees nie. Die Here sal self die Here van hierdie verdeeldheid en verskeuring wees, totdat hierdie instelling sy Woord as hoogste gesag erken en die wyse waarop Hy sy Kerk bou volgens die Woord weer erken.

Die Here bou sy Kerk n t op die geloofsbelydenis wat volgens die openbaring van die Vader waar is, nie op mense se verskillende en uiteenlopende belewenisse van Jesus en hulle verklarings oor Jesus nie.

En van die Here se kerkbou kan geen lidmaat vrygestel word of vryruimte voor gegee word nie.